# BEUKES TOERE

## Program: Ooskaap 2

*27 Oktober - 3 November 2026*

**Dag 1:** Vertrek vanaf **Mosselbaai** met oplaaipunte in **Groot Brak** en **George.** Reis na **Port Alfred** waar ons vanaand tuisgaan.

**Dag 2:** Na ontbyt, geniet ons 'n ontspanne **bootvaart** op die **Kowierivier.** Daarna maak ons 'n draai by **Bathurst**. Hier besoek ons 'n **pynappelplaas**, die **toposkoop** en die oudste kroeg in S.A. nog ingebruik. Vertrek dan na **Morganbaai** aan die **Wildekus** waar ons TWEE NAGTE tuisgaan by 'n lieflike hotel teenaan die see.

**Dag 3:** 'n Rustige dag lě voor met besoeke aan **Morganbaai Kranse, Double Mouth** en **Keimond**. Vanmiddag ontspan ons heerlik in die pragtige omgewing.

**Dag 4:** Vanoggend besoek ons die baie interessante **Oos-London Museum** en reis dan verder na **Hogsback** in die **Amatolaberge.** Ons gaan TWEE NAGTE tuis in hierdie asemrowende sprokieswěreld.

**Dag 5:** Vandag het ons genoeg tyd om dié mooi omgewing te verken. Ons besoek onder andere die pragtige **ou kerkie** en stap die **labirint.** Ons stap ook 'n draai deur die **Arboretum** met sy pragtige bome, azaleas en watervalle.

**Dag 6:** Na ontbyt, vertrek ons na **Bergkwagga Park**. Hier geniet ons 'n **wildsrit** in dié ongelooflike mooi, bergagtige park.

**Dag 7:** Vanoggend geniet ons nog 'n **wildsrit** met koffie beskuit. Vertrek na ontbyt na **Jeffreysbaai** waar ons die laaste nag tuisgaan.

**Dag 8:** Vanoggend verken ons eers dié kusdorpie, voor ons huiswaarts keer.

*Oplaaipunte en -tye word twee weke voor die toer vasgemaak.*

**Ingesluit:**
Ontbyt en aandete by oornagpunte, alle toegangsgelde, ervare gids, akkommodasie, luukse vervoer vir maksimum 16 mense en fooitjies. Wildsritte met ons toerbus.

**Uitgesluit:** Middagetes en drankies.

**Prys:** R18 350 pp wat deel. R2 750 Enkelbybetaling.

**Kontak:** Cronnie 078 894 0897 admin@beukes-toere.co.za